Kurrikulum vir:

4 – 12 maande:

'n Tipiese dag vir hierdie baba's gaan bestaan uit:

Tyd	Aktiwiteit
08:00 – 08:30	Ontbyt
08:30 – 09:00	Liedjie/ rympie met religieuse inslag
09:00 – 09:30	Taalontwikkeling
09:30 – 10:00	Oefening/stimulasie ; kry versnapering
10:00 – 11:00	Slapenstyd
11:00 – 11:30	Daaglikse musiekblootstelling
11:30 – 12:00	Massering
12:00 – 12:30	Middagete
12:30 – 13:00	Speeltyd met 'n spesiale aktiwiteit
13:00 – 13:30	Vry spel
13:30 – 14:00	Liedjie/ rympie
14:00 – 14:30	Buite spel onder toesig (Groter baba's)
14:30 – 15:30	Slapenstyd
15:30 – 16:00	Versnapering
16:00 – 16:30	Wastyd vir huis toe gaan
16:30 – 17:00	Ontspanning tot huis toe gaan

Onthou dat aktiwiteite aangepas word by die ouderdom van die baba.

Die kurrikulum word van vroeg af verdeel in die vakke wat die Nasionale Onderwysdepartement in die NKABV voorstel. U sal daarom sien dat die baba's reeds van vroeg af blootgestel word aan die nodige taalontwikkeling, gesyferdheid en ook die lewensvaardighede. Alles wat gedoen word, word in oorleg met die vakinhoud van die onderwysdepartement gedoen.

12 – 18 maande:

Tema's vir hierdie ouderdomsgroep sluit in:

Maand	Tema
Januarie	Teddiebere
	Kleure
	Getalle
Februarie	Vervoer
	Vorms
	Tandversorging
	Storieboek
Maart	Kleuterrympies
	Teenoorgesteldes
	Troeteldiere
	Dieretuindiere
April	Weer
	Klein insekkies
	Reënboogkleure
	Gemeenskapswerkers
Mei	Skape
	Kleuterrympies
	Sprokies
	Winter
Junie	Alfabetletters
	Seediere
	Muis
	Padda
Julie	Getalle
	See
	Woud
	Insekte
Augustus	Voëls
	Kleuterrympies
	Sprokies

	Dinosourusse
September	Maatjies
	Sintuie
	Vorms
	Vrugte
Oktober	Bome
	Groente
	Lente
	Vorms
November	Plaasdiere
	Vrugte
	Groente
	Kleure
Desember	Bere
	Sirkus
	See
	Somer

18 – 30 maande:

Maand	Tema
Januarie	Teddiebere
	Kleure
	Nuwejaar
Februarie	Vervoer
	Valentynsdag
	Tandversorging
	Sintuie
Maart	Wilde diere
	Troeteldiere
	Plaasdiere
	Dieretuindiere
April	Weer
	Plaaslewe
	Paasfees
	Gemeenskapswerkers
Mei	Wurms
	Moedersdag

	Blomme
	Insekte
Junie	Storieboek
	Vadersdag
	Winter
	Padda
Julie	Insekte
	See
	Kampering
Augustus	Voëls
	Kleuterrympies
	Piekniek en braai
	Dinosourusse
September	Alles oor my
	Sintuie
	Blare
	Vrugte
Oktober	Bome
	Groente
	Lente
	Vorms
November	Plaasdiere
	Vrugte
	Groente
	Tradisies van ander volke
Desember	Alfabet
	Sirkus
	Kersfees
	Somer

Daaglikse program sluit in:

Tyd	Aktiwiteit
08:00 – 08:30	Ontbyt
08:30 – 09:00	Liedjie/ rympie met religieuse inslag
09:00 – 09:30	Groepspel: Taalontwikkeling
09:30 – 10:00	Oefening/stimulasie ; kry versnapering
10:00 – 11:00	Kunsprojek
11:00 – 11:30	Daaglikse musiekblootstelling
11:30 – 12:00	Onderrigtyd
12:00 – 12:30	Middagete
12:30 – 13:00	Speeltyd met ‘n spesiale aktiwiteit
13:00 – 13:30	Vry spel
13:30 – 14:00	Liedjie/ rympie
14:00 – 14:30	Buite spel onder toesig (Groter baba’s)
14:30 – 15:30	Slapenstyd
15:30 – 16:00	Versnapering

16:00 – 16:30	Wastyd vir huis toe gaan
16:30 – 17:00	Ontspanning tot huis toe gaan

Gr. 00 – Gr.0

Graad 00 sluit kleuters van die ouderdomme 3 – 4 jaar in en graad 0 kleuters van die ouderdomme 4-5 jaar. Reeds van hierdie vroeë ouderdom word u kind blootgestel aan die formele struktuur van skoolgaan. Dit is wetenskaplik bewys dat 'n kleuter wat vroeg reeds die orde, struktuur en dissipline van formele onderrig ontvang uiteindelik makliker inskakel en gelukkiger in die skoolmilieu is.

Die volgende kurrikulumvereistes sal in hierdie graadgroepe aan voldoen word:

Vak	Tydsindeling Gr. 00	Gr.0
Huistaal	8 ure per week	9 ure per week
Wiskunde	5 ure per week	6 ure per week
Lewensvaardighede	4 ure per week	6 ure per week
Aanvangskennis	30 minute	1 uur
Skeppende kuns	1 uur 30 minute	2 ure
Liggaamsopvoeding	1 uur 30 minute	2 ure
Persoonlike en sosiale welsyn	30 minute	1 uur

Weet dat die kleuters steeds genoegsaam blootgestel sal word aan buitenshuise aktiewe spel. Die belangrikste vir ons is om u kind skoolgereed te maak, sodat hy/sy in 'n gelukkige, suksesvolle persoon sal ontwikkel.

U kleuter gaan ook aan gestruktureerde rekenaarvaardighede blootgestel word. Die sagteware vir hierdie projek gaan spesiaal en uniek aan Vinkel & Koljander-kleuterskool wees. Dit word ontwikkel volgens spesiale vereistes vir hierdie ouderdomsgroepe.

Spyskaarte sal vierweekliks gewissel word na gelang van die beskikbaarheid van groente en vrugte. Hierdie spyskaarte sal weekliks op die webtuiste en op die skool se kennisgewingbord beskikbaar gestel word. Alle spyskaarte sal die volgende insluit:

Ontbyt	'n Graankos of gaar pap met melk
Middagete	'n Broodjie/ broodalternatief 2 vrugte of groente Vleis/ vleisalternatief Melk
Versnaperings	Enige 2 voedselgroepe